



Edition 90
Afrikaans, English

Choosing books

Which books get children begging for more? Younger readers often choose a book because they like the illustration on the front cover! More experienced readers might choose a book that is on their favourite subject or by their favourite author. So, how do you choose books for children? Here are some ideas.

- ★ Ask around! Check with your children's friends what they have enjoyed reading or ask other parents what their children are reading at the moment. Get to know your local librarians and ask them which authors children of a particular age usually enjoy.
- ★ Books for babies and pre-schoolers should be in their home language where possible. Try translating books that have very few words yourself if they are not published in the language you need. Also look out for home language

books for older children – nothing beats reading a story in your own language!

- ★ Babies like brightly coloured pictures, or photographs of objects or people with simple text. They also love the rhythms of language, so books with repetition and rhyme usually work well.
- ★ Wordless books are a great investment because you get the chance to tell a story to your children in your own way in any language you like – and then they can create their own stories with the books too.
- ★ They say that variety is the spice of life. This is true with books too. Choose some books that reflect things that will be familiar to your children – for example, books in which the homes look like your children's. And, choose other books that provide new experiences, like stories set in different places and cultures.


- ★ When children can already read, it's best to choose some books that they can read on their own and some books (with more complicated language and plots) that you can read to them.
- ★ Stories about difficult things in children's lives – like the arrival of a baby, illness, divorce or friendship challenges – can help them process their feelings and face their fears.
- ★ Information books are not just for older children. Factual books help children to learn about our world and encourage them to be curious!

Find more information on reading and sharing stories with children at www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Kies boeke

Watter boeke laat kinders na meer vra? Jonger lesers kies dikwels 'n boek omdat hulle van die illustrasie op die omslag hou! Meer ervare lesers mag dalk 'n boek kies wat oor hulle gunsteling onderwerp gaan of deur hulle gunsteling skrywer geskryf is. Hoe kies jy dus boeke vir kinders? Hier is 'n paar idees.

- ★ Vra rond! Vra jou kinders se maats wat hulle graag lees, of vra ander ouers wat hulle kinders op die oomblik lees. Leer ken jou plaaslike bibliotekaris en vra hulle watter skrywers se boeke kinders van 'n spesifieke ouderdom gewoonlik geniet.
- ★ Boeke vir babas en voorskoolse kinders behoort in hulle huistaal te wees, indien moontlik. Probeer boeke met baie min woorde self vertaal indien hulle nie uitgegee is in die taal wat jy nodig het nie. Wees ook op die uitkyk vir huistaalboeke vir ouer kinders – niks kom by 'n storie in jou eie taal nie!
- ★ Babas hou van helderkleurige prente, of foto's van voorwerpe of mense met eenvoudige teks daarby. Hulle hou ook van die ritme van taal, en daarom werk boeke met herhaling en rym gewoonlik goed.
- ★ Boeke sonder woorde is 'n wonderlike belegging, want jy kry die kans om vir jou kinders 'n storie te vertel op jou eie manier in enige taal wat julle ken – en dan kan jou kinders ook hul eie stories met die boeke skep.




- ★ Mense sê verskeidenheid maak die lewe interessant. Dit is ook waar van boeke. Kies boeke wat dinge weerspieël wat vir jou kinders bekend is – byvoorbeeld, boeke waarin die huise soos hulle huise lyk. En kies ander boeke wat nuwe ervarings bied, soos stories wat op ander plekke en in ander kulture afspeel.
- ★ Wanneer kinders reeds kan lees, is dit die beste om sommige boeke te kies wat hulle op hulle eie kan lees en sommige boeke (met ingewikkelder taal en storielyne) wat jy vir hulle kan lees.
- ★ Stories oor moeilike dinge in kinders se lewens – 'n nuwe baba in die huis, siekte, egskeiding of vriendskapsuitdagings – kan hulle help om hulle gevoelens te verwerk en hulle vrese in die oë te kyk.
- ★ Inligtingsboeke is nie net vir ouer kinders nie. Feiteboeke help kinders om van hulle wêreld te leer en moedig hulle aan om nuuskierig te wees!

Vind meer inligting oor lees en hoe om stories met kinders te deel by www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.



Drive your
imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





The Na'ibali bookshelf



The author of this edition's cut-out-and-keep book (*Ouma Ruby's secret*) on pages 3 to 6 is Chris Van Wyk. Chris was born in Soweto and lived most of his life in Johannesburg. He was not only a children's author and a poet, but he wrote over 20 books that include two autobiographies and books for teenagers. He was also a brilliant storyteller and we were lucky enough to have him join us at the launch of our Children's Literacy Charter on World Book Day in 2014. Sadly, Chris passed away not long after this on 3 October 2014. Na'ibali will miss his passion for storytelling and the way in which he could make words dance across a page, but his warmth and talent will live on, every time we share one of his stories! Here are some of them that you might enjoy.

- *Ouma Ruby's secret* (Giraffe Books/Pan Macmillan), is available in all South African languages.
- *Nelson Mandela: Long walk to freedom* (Macmillan), is the children's version of Nelson Mandela's autobiography. It is also available in all South African languages.
- *Shirley, Goodness and Mercy* and *Eggs to lay, chickens to hatch* (Pan Macmillan) are the stories of Chris' childhood in Riverlea, Johannesburg. These books for older readers are a wonderful mix of funny and sad moments.

Find another story (*Mr Hare meets Mr Mandela*) by Chris van Wyk on www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Did you know?

- Chris van Wyk's best-known poem, *In Detention*, is studied at high schools and universities across the world. It is about the suspicious way in which political prisoners in South Africa died during apartheid.
- When he was five Chris told his parents he wanted to be a writer!
- Chris won a number of awards for his writing, including the 2007 IBBY SA Best Picture Book Award for *Ouma Ruby's secret*.



Quinton van der Kevie

Everyone was spellbound as Chris told the story of *Ouma Ruby's secret* at Na'ibali's celebration of World Book Day 2014.

Almal het vasgenael geluister terwyl Chris die storie, *Ouma Ruby se geheim*, by Na'ibali se viering van Wêreldboekedag in 2014 vertel het.

Die Na'ibali-boekrak



Die skrywer van hierdie uitgawe se knip-uit-en-bêreboekie (*Ouma Ruby se geheim*) op bladsye 3 tot 6 is Chris van Wyk. Chris is in Soweto gebore en het die grootste deel van sy lewe in Johannesburg gewoon. Hy was nie slegs 'n kinderboekskrywer en digter nie, maar het meer as 20 boeke geskryf, insluitend twee outobiografieë en ook boeke vir tieners. Hy was ook 'n briljante storieverteller en ons was gelukkig dat hy saam met ons was toe ons ons Kinders se Handves van Geletterdheid op Wêreldboekedag in 2014 geloods het. Ongelukkig is Chris nie lank hierna nie, op 3 Oktober 2014, oorlede. Na'ibali sal sy passie vir die vertel van stories mis en die manier waarop hy woorde oor 'n bladsy kon laat dans, maar sy warmte en talent sal voortleef, elke keer wanneer ons een van sy stories deel! Hier volg van sy stories wat jy dalk sal geniet.

- *Ouma Ruby se geheim* (Giraffe Books/Pan Macmillan), is in al die Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.
- *Nelson Mandela: Lang pad na vryheid* (Macmillan), is die weergawe vir kinders van Nelson Mandela se outobiografie. Dit is in al die Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.
- *Shirley, Goodness and Mercy* en *Eggs to lay, chickens to hatch* (Pan Macmillan) is die stories van Chris se kinderjare in Riverlea, Johannesburg. Hierdie boeke vir ouer lesers is 'n wonderlike mengsel van snaakse en hartseer oomblikke.

Vind nog 'n storie (*Mnr. Haas ontmoet Mnr. Mandela*) deur Chris van Wyk by www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.

Het jy geweet?

- Chris van Wyk se bekendste gedig, *In Detention*, word in hoërskole en universiteite oor die hele wêreld heen bestudeer. Dit gaan oor die verdagte manier waarop politieke gevangenes tydens apartheid in Suid-Afrika dood is.
- Toe Chris vyf jaar oud was, het hy vir sy ouers gesê hy wil 'n skrywer wees!
- Chris het 'n aantal toekennings vir sy skryfwerk gewen, insluitend die IBBY SA-toekenning vir die Beste Prentboek in 2007 vir *Ouma Ruby se geheim*.




Na'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Na'ibali's radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Na'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Na'ibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.


SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.


Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.


Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.






And this is where they stop.
En dan stop hulle hier.



Ouma takes his hand and they walk down the street past the shops and the Indian hawkers sitting behind their little red hills of curry powder and yellow hills of "borrie".
Ouma vat sy hand en hulle stap verby die winkels en Indiërsmouse wat agter hulle hopies rooi kerriepeoeler en geel borrie sit.



Ouma Ruby's secret Ouma Ruby se geheim

Chris van Wyk
Anneliese Voigt-Peters



PAN MACMILLAN

This is an excerpt from the book *Ouma Ruby's Secret* by Chris van Wyk, published by Giraffe Books, which is an imprint of Pan Macmillan South Africa. The book is also available in bookstores and from online retailers.

Chris loves visiting his Ouma Ruby's house to pick mulberries in the garden and to tell jokes and sing with his cousins. Chris especially loves it when Ouma Ruby takes him into town to buy books from the second-hand bookshop. Then one day Chris learns that Ouma Ruby has a secret ...


Chris van Wyk was a well-respected South African author who wrote poetry, novels, short stories and children's books. He has won prestigious literary prizes for his work and his poetry has been published in many countries around the world.

Anneliese Voigt-Peters, who was awarded the 1997 Vivian Wilkes Award, lives in New York with her family.

Ouma Ruby's Secret is available in all of South Africa's eleven official languages as well as in Portuguese. To find out more about Pan Macmillan and its imprints and titles, go to www.panmacmillan.co.za.

©Giraffe Books/Pan Macmillan South Africa (African Rights) Tel: (011) 731 3440

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Maar Ouma lag net en sê: "Jy sal sien, jy sal sien."

"Wat is die verrassing?" vra Chris.

Ouma Ruby soen hom en vee die sweet van sy neus af.



But Ouma just laughs and says, "You'll see, you'll see!"

"What's the surprise?" asks Chris.

Ouma Ruby kisses him and wipes the sweat off his nose.

This is the story of a real boy and a real ouma.

Hierdie is die verhaal van 'n regte seun en 'n regte ouma.



A long time ago miners dug into the earth for gold and they left behind this mountain of yellow sand and rock. From the top of the mine dump the houses and the cars and the people look like toys. Down below is a suburb called Riverlea. And 13 Flinders Street is where Chris lives with his mom and dad, two brothers and sister.

Baie lank gelede het myners diep onder die aarde vir goud gedelf en hierdie hoop geel sand en rots het oorgebly. As 'n mens bo-op die mynhoop staan, lyk die huise en karre soos speelgoed. Daar onder is die voorstad Riverlea. By Flinderstraat 13 bly Chris saam met sy mamma en pappa, twee boeties en 'n sussie.

"Sjoe! Danke, Ouma."

"Jy kan twee kies," sê sy.

Hulle gaan die winkel binne. Daar is boeke oral. Boeke oor avonture, reis, die son en die sterre, die mense en plekke van Afrika. Ouma Ruby kyk na haar opgewonde kleinseun en glimlag.



"Wow! Thanks, Ouma."

"You may choose two," she says.

Books about adventure, travel, the sun and the stars, the grandson and she smiles. Ouma Ruby looks at her excited people and places of Africa. They walk into the shop. There are books everywhere.

"Your Ouma can't read," says Mom. "Your Ouma can't read."

Chris looks at his Ouma. He is surprised.

"But I can read it to her," he says. And he does.

"I love you too, Chris," says Ouma and Chris gives her a birthday hug.



"Jou ouma kan nie lees nie," sê Mamma. "Jou ouma kan nie lees nie."

Chris kyk na Ouma. Hy is verbaas.

"Maar ek kan dit vir haar lees," sê hy. En hy doen dit.

"Ek is ook lief vir jou, Chris," sê Ouma en Chris gee haar 'n verjaarsdagdrukke.

“Goetie keuse,” sê sy.
Ouma betaal die man wat agter die toonbank staan. Chris begin sy boeke sommer dadelik lees.

Hy kies twee boeke en wys dit vir Ouma. Ouma Ruby sit haar leesbril op. Dan blaai sy stadig deur elke boek.



He chooses two books and holds them up for her to see. Ouma Ruby puts on her reading glasses. Then she pages slowly through each book.
“Good choices,” she says.
Ouma pays the man behind the counter. Chris begins to read his books straight away.

“What is this, son?” she says.

“It’s a letter, Ouma, for you. Read it. Read it out loud.”

“Not now, Chris,” she says. “Later.”

“No, Ouma. You must read it now.”

“I don’t have my glasses,” says Ouma.

“I’ll fetch them for you,” says Chris.

Chris’s mom pulls him away from Ouma. “Leave your Ouma alone,” says Mom.

“But I just want her to read the letter,” he says.

“Wat is hierdie, my kind?” vra sy.

“Dis ’n brief vir Ouma. Lees dit. Lees dit hardop.”

“Nie nou nie Chris,” sê sy. “Later.”


“Nee, Ouma. Jy moet dit nou lees.”

“Ek het nie my bril nie,” sê Ouma.

“Ek sal dit gaan haal,” sê Chris.

Chris se mamma trek hom weg van Ouma af. “Los vir Ouma uit,” sê Mamma.

“Maar ek wil net hê dat sy die brief moet lees,” sê hy.



Ouma Ruby!
Ouma Ruby!



Chris loves reading. He reads anything: books, comics, magazines, even the label on the tomato sauce bottle.

Chris is baie lief om te lees. Hy lees enigiets: boeke, strokiesprente, tydskrifte, selfs die etiket op die tamatiesousbottel.



Hy staan op die hoek
van Pritchard- en
Diagonalstraat. Hy wag
vir Ouma Ruby. Honderde
mense stap verby, maar
nie een van hulle is Ouma
Ruby nie. Is dit die regte
dag? Is dit die regte hoek?
Die regte ...

Chris bad en trek sy swart kortbroek en blou hemp aan. Hy haal 'n bus wat
stad toe gaan.

Een oggend spring Chris uit die bed. Die son skyn helder. Die mossies en
tortelduive in die bome en op die kragdrade sing vrolik. Chris is opgewonde,
want vandag is 'n spesiale dag. Hy gaan sy oma in die dorp ontmoet. Maar
hy weet nie waarom nie. Al wat sy gesê het is: "Jy sal sien."

He stands on the corner of Pritchard and Diagonal streets. He waits for
Ouma Ruby. Hundreds of people walk past, but not Ouma Ruby. Does he
have the right day? The right corner? The right ...

Chris has a bath and gets dressed in his black shorts and blue shirt. He hops
onto a bus that goes into town.

One morning Chris jumps out of bed. Outside the sun is shining. The
sparrows and turtle doves are singing in the trees and on the power lines.
Chris is excited because today is a special day. He has to meet his oma in
town. But why? He doesn't know. All she had said was, "You'll see."

Chris' granny is Ouma
Ruby. She lives in
Coronation. That's quite
a walk away. You can
chew the sweetness
out of three Chappies'
bubblegums before you
reach Ouma's house.



Chris loves going to visit Ouma Ruby. She has fruit trees in her yard and in
summer the branches sag with the weight of peaches, apricots and grapes.
The mulberries give everyone a purple smile.

Dozens of cousins, uncles and aunts all live at Ouma Ruby's house. There's
always someone singing, playing music on a home-made guitar, or making
jokes. That's why Chris loves going to Ouma Ruby's for the school holidays.

Chris se oma is Ouma Ruby. Sy bly in Coronation. Dis 'n hele entjie se stap
tot daar. Jy kan die soetheid uit drie stukkie Chappieskougom kou voor jy
eers by Ouma se huis kom.

Chris kuier graag by Ouma Ruby. Daar is vrugtebome in haar agterplaas en
in die somer is die takke swaar van die gewig van perskes, appelkose en
druwe. Die moerbeie gee aan almal 'n pers glimlag.

Talle nefies en niggies, ooms en tannies bly by Ouma Ruby se huis. Daar
is altyd iemand wat sing of musiek maak op 'n tuisgemaakte ghitaar of
sommer net grappies vertel. Dit is waarom Chris so lief is om vakansietye
by Ouma Ruby te gaan kuier.

Nou voel Chris gelukkig.

Chris skryf: "Liewe Ouma, ek wens vandag vir Ouma 'n gelukkige verjaarsdag
toe. Dankie dat Ouma vir my boeke koop en dat ek elke vakansie by Ouma se
huis kan kuier. Ek is lief vir Ouma. Chris."

Maar waarom is Chris nie gelukkig nie? Dit is omdat almal na Ouma se
partytjie gaan en hy nie 'n geskenk het vir haar nie. Hy wou vir haar 'n beursie
koop. Of oorbelle. Of 'n blou serp. Maar hy het glad nie geld nie.

Two weeks later is dit 'n baie spesiale dag. Dit is Ouma Ruby se verjaarsdag.

Now Chris is happy.

Chris writes: "Dear Ouma, I wish you a happy birthday today. Thank you
for buying me books and for letting me spend all my holidays at your home.
I love you. Chris."

Chris has an idea. I will write her a letter, he thinks. In the letter I will tell her
how much I love her. I will ask her to read it out at the party so that everyone
can hear how much I love her. That will be my gift to Ouma Ruby!

But why is Chris not happy? Because everyone is going to Ouma's party and
he does not have a gift for her. He wanted to buy her a purse. Or earrings. Or
a blue scarf. But he has no money.

Two weeks later is a special day. It is 29 May, Ouma Ruby's birthday.

Everybody is at the party: uncles, aunts, boy cousins, girl cousins,
teenage cousins and baby cousins. And on the table! Chocolate cake and
rainbow cake, biscuits and sweets, samoosas and curry balls, cooldrink
and tea. And Ouma Ruby, smiling and happy while everybody sings,
"Happy Birthday to you!"

Chris takes his letter from his pocket and goes up to Ouma Ruby. He
gives her the letter.



Almal is by die partytjie: ooms, tannies, tienerjarige neefs en
niggies, babaneefs en -niggies. En op die tafel! Sjokoladekoek en
reënboogkoek, koekies en lekkers, samoesas en kerrieballetjies,
koeldrank en tee. En Ouma Ruby glimlag gelukkig terwyl almal sing,
"Veels geluk, Liewe Ouma!"

Chris neem sy brief uit sy sak en stap na Ouma toe. Hy gee vir haar
die brief.



Nal'ibali fun

Hope's birthday is on 17 March and she is busy planning her birthday party! Find the things she wrote on her party shopping list in the wordsearch block alongside.

- BALLOONS
- CANDLES
- CHIPS
- CUPCAKES
- SWEETS
- CHOCOLATE
- JELLY
- JUICE




A	D	B	C	E	J	Z	H	B	C	A
K	C	B	I	H	U	C	Q	C	A	I
W	H	A	D	O	I	U	U	S	N	I
J	E	L	L	Y	C	P	I	W	D	J
G	O	L	A	T	E	C	S	E	L	A
C	H	O	C	O	L	A	T	E	E	L
S	W	O	M	V	E	K	N	T	S	I
O	O	N	X	J	K	E	M	S	N	Q
T	R	S	P	L	I	S	G	F	E	W
H	E	E	N	Y	N	C	U	B	L	T
S	T	S	M	E	B	B	V	A	K	F
T	H	D	B	A	A	B	C	D	G	F
I	I	E	I	B	H	A	L	O	N	I
I	Q	O	I	I	L	E	K	E	S	E
I	J	E	I	O	X	N	V	Q	U	T

Nal'ibali-pret

Hope se verjaardag is op 17 Maart en sy is besig om haar verjaardagpartytjie te beplan! Vind die dinge wat sy op haar inkopielys geskryf het in die woordsoekblok langsaan.

- BALLONNE
- KERSIES
- SKYFIES
- KOEKIES
- LEKKERS
- SJOKOLADE
- JELLIE
- SAP



K	O	E	K	I	E	S	H	J	K
K	C	B	A	L	L	O	N	N	E
W	S	K	Y	F	I	E	S	L	R
J	E	L	L	I	E	P	I	L	S
G	O	L	A	T	E	S	S	I	I
S	J	O	K	O	L	A	D	E	E
S	W	O	M	V	E	P	N	T	S
O	O	L	E	K	K	E	R	S	N
T	R	S	P	L	I	S	G	F	E

In your next Nal'ibali supplement:

- Join us as we celebrate South African Library Week
- Find out how to bring the power of stories to your library
- Enjoy two special library stories: *Theo and the circus act* and *The donkey library*
- Story stars: 2014 Librarian of the Year, Flippie van der Walt

Find us on Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Sluit by ons aan wanneer ons Suid-Afrikaanse Biblioteekweek vier
- Vind uit hoe om die krag van stories na jou biblioteek te bring
- Geniet twee spesiale biblioteekstories: *Theo en die sirkus* en *Die donkiebiblioteek*
- Storiesterre: 2014 se Bibliotekaris van die Jaar, Flippie van der Walt



Nal'ibali
It starts with a story.
Kwaba kaqala ngobomi.
Dit begin met 'n storie.
Ho qala ka paka...
Go: thoma ka bameqato.
Kwaba ngemlaba ebonwaga.

The Nal'ibali Children's Literacy Charter is a guide for adults to ensure our children get the best literacy experiences possible. Visit www.nalibali.org to read all 11 literacy rights!

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.




8

Guess what, Jama... no more bananas!
Raaai wat, Jama ... alle piesangs is op!



2

7



3

9

Jama loves bananas!
Jama hou van piesangs!

squishy-squashy bananas
pap piesangs



4

5

big whole bananas
groot, heel piesangs

small sliced bananas
klein, skyffes piesangs



Drive your imagination